

Dinsdag 28 Januarie

Skrifgedeelte: 2 Samuel 12:1-25

Fokusgedeelte: 2 Samuel 12:13, 14 (1983-vertaling)

Vergifnis van sonde neem nie die gevolge van die sonde weg nie

Die profeet Natan spreek Dawid aan oor sy gruwelike sonde van owerspel met Batseba en die moord op Uria, haar man. Hy vertel 'n gelykenis van die ryk man wat die arm man se oilammertjie slag. Dawid is uitspraak is: die doodstraf vir die skuldige en vergoeding vir die benadeelde persoon. So spreek hy sy eie vonnis uit omdat hy die skuldige is.

In vers 9 wys Natan hom dat hy deur sy sonde vir God geminag het. Sonde is 'n aantasting van God se eer. In die eerste gebod eis die Here dat ons Hom alleen moet dien en met alle nederigheid en geduld ons aan Hom moet onderwerp (vgl. HK 34:94).

Die groot troos in hierdie gedeelte is dat die Here Dawid se gruwelike sondes vergewe en ten spyte daarvan hom nie laat sterf soos hyself die uitspraak gegee het nie. Omdat die Here toornig is oor die sonde en dit nie ongestraf kan laat bly nie, verdien die mens die dood. Maar omdat God 'n genadige God is, het Hy sy Seun Jesus Christus in ons plek gestraf, sodat daar vir ons vergifnis kan kom.

Wie sy sonde bely, ontvang vergifnis. Dit bely Dawid in Psalm 32:5: *“Toe het ek my sonde bely, my oortreding nie weggesteek nie. Ek het gesê: Voor die Here bely ek my opstandigheid; en U het my skuld vergewe.”* Ons weet dus vandag as ons ons sondes in opregtheid bely, dan vergewe God ons om Christus ontwil.

Maar alhoewel die Here vir Dawid vergewe het, word die gevolge van sy sonde nie weggeneem nie. God se eer is op die spel, en daarom laat Hy die buite-egtelike kind sterf. Die gevolge van die sonde is verskriklik. In Psalm 32:9 waarsku Dawid ons om nie onverstandig te wees nie. Vlug eerder weg van die sonde, want al vergewe die Here jou volkome, word die gevolge van die sonde nie ongedaan gemaak nie en kan dit jou lewe vernietig.

Sing: Psalm 32-1:1, 3

Ds. MAF Kruger (Andries) (Alberton)